

## met die Bybelgenootskappe



### JULIE

1 – 7 Jul

**Oostenryk:** Bid asseblief vir ons projek, *Bybels vir vlugtelinge en gevangenes*. Bid steeds vir ons Bybelsentrum in Wene waar ons probeer om die Bybelbetrokkenheid van kinders, die jeug en volwassenes te verhoog. Bid ook vir ons *Handgeskrewe Bybel*-projek.

**Duitsland:** Dank die Here dat ons vanjaar die 50ste herdenking van die Gute Nachricht Bybel kan herdenk. Bid dat ons spesiale veldtog om mense se interaksie met hierdie vertaling aan te moedig, geslaagd sal wees. Bid dat die kerke en ons donateurs steeds mildelik tot Bybelwerk sal bydra.

**Italië:** Bid vir die werk van die Bybelgenootskap in hierdie land. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om

die Bybel in die verskillende formate wat mense benodig, beskikbaar te stel. Bid ook dat sy Woord die harte van ons mense sal aanraak.

8 – 14 Jul

**Slowenië:** Bid dat Slowene meer en meer na die Bybel sal kyk as hulle bron van hoop. Bid vir al ons projekte, veral ons projekte om die Bybel met die hulp van nuwe media, soos sosiale media, te bevorder. Bid

vir ons personeel, vir wysheid en krag.

**Kroasië:** Bid vir die werk aan die vertaling van die Bybel in moderne Kroaties. Bid dat hierdie vertaling mense in 'n hoogs sekulêre samelewing meer van die Bybel en die Bybelgenootskap bewus sal maak. Dit is ook 'n uitdaging om jonggelowiges en nie-Christene met die Bybel te bereik. Bid vir ons projek om deur sport na hulle uit te reik.

### **Bosnië-Herzegowina:**

Bid steeds dat deure vir Bybelwerk in hierdie land sal oopgaan. Bid vir die Christene in die land, dat dit moontlik sal wees om in hulle Bybelbehoefte te voorsien.

**Serwië:** Loof die Here vir dit wat ons bereik het in Bybelverspreiding. Bid ook dat dit vir ons moontlik sal wees om die jeug en kinders met die bybelse boodskap te bereik. Bid vir ons publikasieprogram, dat deur die materiaal wat ons publiseer meer mense die Bybel sal ontdek.

15 – 21 Jul

**Griekeland:** Dank die Here dat, ten spyte van moeilike ekonomiese omstandighede, die Bybelgenootskap met sy taak kan voortgaan. Dank Hom vir die verspreiding van Bybels in kerke, skole, universiteite en onder weermagdele. Bid dat die Woord 'n lig vir die pad vir elke leser sal wees.

**Macedonië:** Bid vir die nuwe vertaling van die Nuwe Testament in standaard Macedonies en vir die eerste Bybelgedeelte in

Macedoniese Gebaretaal. Bid ook vir die somerskool vir tieners wat die Ortodokse Kerk reël en waar kinders onder andere oor die Bybel onderrig word.

**Albanië:** Bid asseblief dat die Here ons sal help om die bybelse boodskap meer in ons land beskikbaar te kan stel. Bid dat ons veral jongmense en kinders met die Bybel sal bereik. Dank die Here vir ons personeel.

22 – 28 Jul

**Belarus:** Bid dat dwelm-verslaafdes wat in Christelike rehabilitasiesentrums opgeneem is, die kans sal kry om nie net hulle verslawing te oorkom nie, maar dat hulle ook die Bybel sal ontdek. Bid dat die 500ste bestaansjaar van die Belarussiese Bybel veral jongmense se belangstelling in die Bybel sal aanwakker. Bid vir samewerking tussen die Bybelgenootskap en die kerke.

**Litauë:** Bid dat die interkerklike vertaling van die Bybel in moderne Litaus leesbaar, maklik verstaanbaar en akkuraat sal wees. Bid dat die Bybel in Gebaretaal die Woord toeganklik vir die dowe gemeenskap sal maak. Bid ook vir ons *Lewende Prente*-kompetisie om kinders by die Bybel betrokke te kry.

## AUGUSTUS

29 Jul – 4 Aug

**Roemenië:** Bid vir die hersiening van die Cornilescu Bybel wat dringend voltooi moet word. Bid ook vir ons

traumaprojek waardeur ons probeer om kankerleiers met die Bybel te bereik en te ondersteun. Bid ook vir ons projek om studente te help om in die lig van die Bybel na hulle gekose professies te kyk.

**Estland:** Bid vir ons projek om die inwoners van Estland oor die Bybel en die werk van die Bybelgenootskap in te lig. Bid veral vir ons pogings om jongmense en kinders met die Bybel te bereik.


**Letland:** In Letland kan leerders kies tussen Bybel-onderrig en sekulêre etiek. Bid vir die nodige fondse sodat ons Bybelmateriaal kan publiseer om leerders van die belangrikheid van die Bybel bewus te maak. Bid ook vir die hersiening van die Bybel in hedendaagse Letties.

5 – 11 Aug

**Moldowa:** Dank die Here dat Hy ons werk seën. Bid vir Bybelverspreiding deur ons projekte. Bid vir politieke en ekonomiese stabiliteit in ons land. Bid vir ons personeel en Raad, vir die nodige krag en wysheid.

**Bulgarye:** Bid vir ons verskillende projekte, vir ons werk in weeshuise en onder siggestremdes. Dank die Here dat ons Kinderbybels aan arm kinders kon gee as Kersgeskenke. Bid vir die hersiening van die Bulgaarse Protestantse Bybel en vir die impak daarvan.

**Hongarye:** Dank die Here vir die Oekraïns-Hongaarse Nuwe Testament en vir die suksesvolle reisende



uitstalling *Die Bybel en die Hervorming*. Bid asseblief vir ons personeel en vir die vertaling van die Nuwe Testament in Gebaretaal. Bid ook vir Bybelverspreiding in hospitale, gevangenisse en skole.

12 – 18 Aug

**Tadjikistan:** Bid vir Bybelwerk in hierdie land. Dit is soms baie moeilik om hier te werk. Bid vir fondse en kundigheid sodat die Tadjikse Bybel hersien kan word. Bid ook dat moderne tegnologie ingespan kan word sodat Bybelstories vir kinders toeganklik kan word.

**Oesbekistan:** Dank die Here vir die eerste Bybel in Oesbekies wat verlede jaar verskyn het. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om genoeg eksemplare in verskillende formate te laat druk sodat ons in die Bybelbehoefes van Oesbeke kan voorsien.

**Oekraïne:** Bid vir ons poging om in samewerking met die

kerke die bybelse boodskap van hoop en versoening te bring aan mense wat deur die voortdurende konflik in ons land geraak word. Vanjaar is 'n spesiale *Jaar van die Bybel* in die Oekraïne. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om Bybels en Bybelgedeeltes tydens spesiale geleenthede te voorsien.

19 – 25 Aug

#### **Tsjeggiese Republiek:**

Bid dat die Here Christene in ons land sal bekragtig om die Woord uit te dra. Bid asseblief dat ons jeug, wat in 'n grootliks agnostiese samelewing opgroei, nie die pad byster sal raak nie. Dank die Here vir die impak van die *Bybel vir Tieners*.

**Slowakye:** Bid vir die impak van ons projek, *Lig van die evangelie vir skoolkinders*, waardeur ons gratis Bybels aan skole voorsien waar godsdiensonderrig plaasvind. Bid ook vir die voorbereiding van die Lukas Evangelie in Gebaretaal asook vir die voorsiening van Grootdrukbybels.

**Pole:** Dank die Here vir die sukses van Bybelwerk die afgelope 200 jaar asook vir die sukses van die herdenking van die Reformasie 500. Bid vir die publikasie van die interkerklike Poolse Bybel, 'n vertaling waaraan 11 kerke meegewerk het. Bid vir ons personeel en Raad.

26 Aug – 1 Sep

**Marokko:** Bid vir vordering met Bybelvertaling, asook dat dit moontlik sal wees om Bybels en Bybelgedeeltes aan migrante wat hulle in Marokko bevind, te voorsien. Dank die Here dat Bybelwerk wel in hierdie land kan plaasvind.

**Tunisië:** Bid vir georgani-seerde Bybelwerk in hierdie land. Bid vir plaaslike Christene en vir kerke. Bid ook vir vrede en politieke stabiliteit in Tunisië.

**Algerië:** Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om die Bybel vir alle taalgroepe in Algerië beskikbaar te stel. Bid ook dat ons geskikte Bybels en Bybelgedeeltes

kan voorsien aan mense wat oor die radio of op TV van die Bybel gehoor het en dan navraag doen.

**Egipte:** Daar word reeds baie jare aan die Arabiese Van Dyke Studiebybel gewerk waarvan die Nuwe Testament reeds gepubliseer is. Bid asseblief vir die impak van hierdie werk en dat die volledige Bybel binnekort voltooi sal word. Bid vir die Kerk en vir die veiligheid van ons personeel.

## SEPTEMBER

2 – 8 Sep

### Arabies-Israeliese

**Bybelgenootskap:** Bid vir ons werk om Arabiese Christene wat in Israel woon met die Bybel te bereik. Bid vir ons Bybelgemeenskap-sentrum. Bid veral vir die geleentheid wat ons hier aanbied en wat veral op vroue en kinders gerig is. Bid vir ons *Engele van Galilea*-projek, 'n Bybelgebaseerde program om veral kinders met die Bybel te bereik.

**Palestynse Gebiede:** Bid dat ons baie Palestyne met die Bybel sal bereik. Bid vir ons spesiale programme vir die jeug en vir kinders. Bid ook vir die politieke, ekonomiese en geestelike situasie in ons land. Bid dat mense die hoop waarvan die Bybel ons vertel, sal ervaar.

**Israel:** Dank die Here vir die werk van die Bybelgenootskap in hierdie land. Bid dat die Here sal gee dat meer mense in ons land die bybelse boodskap

sal ontdek en ervaar. Bid vir kerke in hierdie land asook vir ons personeel en Raad.

9 – 15 Sep

**Sirië:** Bid asseblief vir ons land wat steeds enorme uitdagings beleef. Bid dat die Here ons sal lei en beskerm in ons taak om Bybels te versprei, boekeskoue te besoek en opleiding in Bybelgebaseerde traumaberading aan te bied. Bid vir vrede in Sirië.

**Libanon:** Dank die Here vir Bybelverspreiding en effektiewe programme waarmee ons die verskillende groepe in ons samelewing bereik. Bid asseblief vir ons traumaberadingprogramme vir volwassenes en kinders, asook ons projekte om hoop aan vlugtelingte te bring. Bid vir ons ondersteuners en personeel.

**Jordanië:** Bid asseblief vir Christene in die huidige klimaat van godsdiensvryheid. Bid dat hulle na hulle medelandgenote met die boodskap van die Bybel sal uitreik, asook na vlugtelingte uit verskillende lande wat hulle in Jordanië bevind. Bid dat die Bybelgenootskap sal help waar moontlik.

16 – 22 Sep

**Turkye:** Bid dat meer mense die Bybel sal lees en vir die impak daarvan op hulle lewens. Bid ook vir ons boekwinkel, dat dit daar vir ons moontlik sal wees om die Woord met meer mense te deel. Bid vir ons personeel, vir

hulle veiligheid, asook vir die politieke klimaat in ons land.

**Ciprus:** Dank die Here vir die Nuwe Testamente wat deur die onderwysdepartement in die skole versprei is. Bid dat hierdie skenking sal voortgaan om leerders te help om meer oor die Bybel te leer. Bid ook vir die Bybelgenootskap se verhouding met die kerke.

**Malta:** Dank die Here vir die 60ste bestaansjaar van ons Bybelgenootskap. Bid dat dit steeds vir ons moontlik sal wees om in die Bybelbehoefes van Christene op hierdie eiland te kan voorsien.

23 – 29 Sep

**Iran:** Bid vir die werk van die Irannese Bybelgenootskap in die diaspora wat probeer om die Bybelbehoefes aan te spreek van Irannese Christene wat hulle regoor die wêreld bevind. Bid vir vordering met die hersiening van die Bybel in hedendaagse Persies (Farsi).

**Irak:** Bid asseblief vir vrede en veiligheid sodat Christen-vlugtelingte na hulle tuisland kan terugkeer. Bid vir die verspreiding van die Bybel om ook baie nie-Christene te bereik. Bid vir ons Bybelgebaseerde traumaberadingprojek.

**Golfstate:** Bid vir ons Bybelverspreidingsprogramme wat veral op migrante gemik is. Bid ook vir ons geletterdheidsprojek. Bid dat ons kerkleiers in die uitvoer van hulle taak sal kan bestaan en jongmense met geskikte formate van die Bybel sal kan bereik. Dank die Here vir ons deelname aan die Internasionale Boekeskou in Bahrein.